

Kaapstad: Lux Verbi. 176 bladsye (sagteband). Prys: R45-00

**Resensent: Prof P M Venter**

Hierdie boek is 'n teologiese bydrae tot die eko-ekonomiese debat. Die ekologiese krisis het die mens voor die uitdaging gestel om weer opnuut te begin dink oor sy verhouding met die globale kosmologiese konteks waarin hy lewe. Hy moet vir homself rekenskap gee van sy verhouding met die natuur en die omgewing waarin hy lewe. Dit is nie langer moontlik om in terme van geïsoleerde gemeenskappe met private belange te dink nie. Die mensdom leef in een groot *global village* waarin die beweging van elke individu of groep die belange van elke ander groep en die bestaan van die geheel raak. Die morele krisis waarvoor die mens staan is dat hy nie kan voortgaan om die aarde te eksploiteer sodat sommige kan floreer terwyl ander daardeur kreppeer nie.

Conradie lewer 'n bydrae tot hierdie probleem vanuit sy eksegetiese dogmatiese studie van die begrip *sabbat*. Hy werk 'n teologie uit van wat hy noem 'die evangelie van die rus wat God vir hele aarde beloof het' (bladsy 8). Die belangrikste aspek van sy werk is dat hy die inhoud van die begrip op veel meer betrek as net menslike belange. Hy toon op oortuigende wyse aan dat God se werk ook 'n kosmologiese reikwydte het. Hierdie ekologiese dimensie is in die Bybel teenwoordig, maar het in die mensgesentreerde denke van die moderne industriële maatskappy grootliks op die agtergrond geraak. Die herwaarding van hierdie globale konteks van God se heilswerk kan aan 'n oorvermoede en krisisbelaaide tyd weer hoop en rus gee.

Die verdienste van die boek kom veral daarin na vore dat dit 'n herdefinisie waag van geïkte inhoudes waarmee Bybelse begrippe tot hertoe gevul is. In die vyfde hoofstuk — teologies gesien 'n uitstaande en ook die beste hoofstuk in die boek — skets die outeur die verbintenis tussen die Ou Testamentiese jubeljaar en die bestel wat Jesus Christus gebring het. Hy toon aan dat die solidariteit van die Seun van God met hierdie wêreld deur sy opstanding ook hoop vir die totale kosmos gebring het. Jesus se verlossingswerk het 'n totale kosmiese dimensie wat in die teologiese inhoudes van die sabbatsbegrip tot uitdrukking kom. Ook die werk van die Heilige Gees lui die begin van 'n kosmologiese rus van God aan die wêreld in.

Die boek is tipografies 'n fees. Die afwisseling van lettertypes, die gebruik van omraamde samevattinge teen die kantlyn en innoverende plasing van slagspreuke aan die begin van elke hoofstuk, maak dit opwindend om die boek te lees. Die lynsketse is soms baie amusant en dra grootliks by tot die byderwetsheid van die aanbieding. Die prikkelvræ en opmerkings aan die einde van elke hoofstuk nooi die

leser uit om saam te kom dink oor die vraagstuk en op eie skaal iets te probeer doen daaraan. Die gebruik van getranskribeerde woord uit Hebreeus en Grieks is minder suksesvol. Enige leser sal wonder hoekom Hebreeuse *shabat* dan net een 'b' het terwyl ons in Afrikaans van die 'sabbat' praat. Die gebruik van Griekse transkripsie soos *oikos* (bl 117), sonder om te sê uit watter taal dit kom en die gebruik van Latynse terme soos *creatio ex nihilo* en *creatio continua* (ble 70, 71) is onnodige deftig doenery wat kon bly. Drukfoute kom op bladsye 22 (Matt 28:11 in plaas van 11:28) en 72 (die einde van die reël ontbreek) voor.

Die werk getuig van goeie navorsing, soos dit uit talle aanhalings ook duidelik word. Die eksegeese van Skrifgedeeltes bevat die resultate van nuwer navorsing. Die styl van die skrywer laat mens gemaklik lees. Sy definisies van begrippe, soos dat ekologie die verlossing van die skepping uit die aftakelende greep van die mens is (bladsy 60), is verfrissend en duidelik. Ook die trant van sy betoog is duidelik en maklik om te volg. Die werk word met groot vrymoedigheid by teoloog en lidmate van die kerk aanbeveel. Dit getuig van 'n verfrissende bereidwilligheid van die kant van die kerk om die vrae van sy tyd vierkantig in die oë te kyk en antwoorde vanuit die geloof te probeer gee.

---